




LAER VOLKSKOOL GRAAFF-REINET

NUUSBRIEF
Nommer 34
26 Oktober 2018

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers



Kleurvolle Karakter 2018

OMGEE



Daar is nou pienk OMGEE sleutelhouers te koop teen R5 by Mevrou Linda van Wyk. Ons moedig die leerders aan om al 6 die sleutelhouers te koop. **Daar wag 'n baie spesiale verrassing vir leerders wat deursettingsvermoë en toewyding getoon het gedurende die jaar en al 6 die sleutelhouers versamel het.** Die tyd raak nou min!

Waarvoor staan die pilaar van OMGEE?

Iemand wat OMGEE doen die volgende:

1. Is lief vir ander mense om hom/haar.
2. Is lief vir hom/haarself.
3. Sê altyd "asseblief" en "dankie".
4. Help mense en diere in nood.
5. Vergewe ander.

Kom ons bou saam aan 'n samelewing waarin elkeen van ons wil bly!



BEGROTINGSVERGADERING 2019

Neem asseblief kennis dat die begrotingsvergadering wat 29 Oktober sou plaasvind verskuif word na 9 November 2018 om 13:00 in die skoolsaal. Die vergadering gee elke ouer 'n geleentheid om deel te wees van die bespreking en goedkeuring van die 2019-begroting. Die begroting is by die kantoor beskikbaar vir besigtiging.

Volgens wetgewing moet 'n skool se begroting deur die ouers goedgekeur word. Alle ouers moet dus teenwoordig wees vir die goedkeuring van 2019 se begroting. Neem die geleentheid aan om u inset tot die bedryf van Laer Volksskool te lewer.

Die begroting is by LVS kantoor vir u ter insae.

PREFEKTE 2019

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot prefekte vir 2019.

GROENEWALD	Zanri (Hoofdogter)	BLIGNAUT	Adriaan (Hoofseun)
VAN DER MERWE	Jani (Onder-hoofdogter)	KEYSER	Xander (Onder-hoofseun)
BARNARD	Dalene	BLOM	Mark
FITZGERALD	Bianca	BOTHA	Hugo
FOURIE	Eline	STANNARD	Juan
GROBLER	Sanet	VAN DER MERWE	Pieter
LUITERS	Anishka	VAN DER MESCHT	Freddie
STEYNBERG	Lisa	WOLFAARDT	Zak

Die nuutverkose prefekte vertrek Vrydag, 26 Oktober 2018 na Santasana waar hulle gaan kamp tot Sondag 28 Oktober 2018. Baie sterkte aan julle groot taak in 2019.

MUNTLEGGING: KANKER

Baie dankie aan elke ouer wat hulle beursies ooggemaak het om die omgee projek te ondersteun. Die mooi bedrag van R2 849.70 is ingesamel. Ons gaan later die maand dit aan die Kanker vereniging oorhandig.

KLAS- EN SPORTFOTO'S

Bestellings vir die **Klas- en Sportfoto's** kan by die onderskeie afrigters geplaas word. **Bring asseblief die bestelling met die korrekte bedrae. (Indien jy 'n Jumbo foto en 'n foto met name wil bestel, moet die twee afsonderlike bedrae bv. R14 en R65 by die afrigter of klasonderwyser betaal word). Kleingeld by die kantoor is beperk.**

Die volgende foto's is beskikbaar:

10 x 13 cm	(Jumbo foto alleen)	R14
15 x 20 cm	(Foto alleen)	R28
15 x 20 cm	(Foto met name gemonteer)	R65

Die datum vir laaste bestellings is verleng na Woensdag, 31 Oktober 2018.

INDIVIDUELE FOTO'S

Individuele foto's word **Maandag, 29 Oktober 2018** gedurende pouse by die skool geneem. Indien u belangstel, stuur asb die korrekte bedrag, R65 saam met u kind. Die boeties en sussies wat in die skool is, kan saam afgeneem word.

DANS GEKANSELLEER

Daar is ongelukkig te min kaartjies vir ons 'Denims & Diamonds'-dans verkoop wat ons vir Vrydag, 26 Oktober beplan het.

Die OOV het besluit om eerder die dans te kanselleer. Jammer vir enige ongerief. Ons hoop om in 2019 weer 'n geleentheid te reël! Alle kaartjiegelde of bydraes kan by Brenda by die kantoor afgehaal word.

SPORT

ATLETIEK

Diniso Matayi het op 28 September 2018 deelgeneem aan die Sub-Jeug Liga op die Westbourne Stadion in Port Elizabeth. Hy het 'n eerste plek behaal vir seuns o.9 in die 80 m.

Op 15 Oktober 2018 neem Diniso ook deel aan die Thoba Sport Atletiek Uitdaging by Hoërskool Framesby. Hy het 'n derde plek vir seuns o.9 in die 60 m behaal. Ons is trots op jou Diniso!

Danita du Plessis het aan die Jim Fouche Byeenkoms in Bloemfontein deelgeneem en 'n eerste plek behaal vir dogter o.14 gewigstoot. Baie geluk Danita!

KRIEKET

SP Theron is gekies om aan die finale Graaff-Reinet Zone-span proewe deel te neem wat die 25ste Oktober 2018 by Union High plaasvind. Sterkte SP

TWEEKAMP

Aangesien die 2018 – 2019 seisoen eers in Maart 2019 afgesluit word en alle toekennings wat erkenning in die jaarblad en op die prysuitdeling aan die einde van die derde kwartaal afgesluit word, sal die tweekamp leerlinge wat gedurende die vierde kwartaal prestasies gelewer het by volgende jaar se prysuitdeling en jaarblad ingesluit word.

OP INTERPROVINSIALE-BYEENKOMS: 20 OKTOBER 2018

Naam	Ouderdom	Tyd: Hardloop	Tyd: Swem	Posisie	Totale Punte
Carlien Oosthuizen	D o.9	03:29.31	00:46.47	5	2089.93
Mia Botha	D o.9	02:59.35	00:55.89	6	2089.01
Frederick de Klerk	S o.9	03:14.56	00:52.46	7	1992.84
Aidan Thiart	S o.11	02:39.25	00:39.23	4	2262.07
Francois Naudé	S o.11	03:15.44	00:51.85	13	1879.2
Hugo Botha	S o.13	04:37.79	01:26.00	12	1916.05

Frederick de Klerk, Aidan Thiart, Francois Naudé en Hugo Botha verdien ook hul half-erekleure vir deelname vir die OP-span aan die byeenkoms. Mia Botha en Carlien Oosthuizen het reeds half-erekleure vir tweekamp ontvang.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

'n Mens wat in liefde na ander uitreik,
is een wat die wêreld verlig en verryk -
dis een wat nie omgee om, ongesiens,
sy lewe te wy aan naastediens.

Spreuke 3:3

D Joubert
Skoolhoof
Epos: hooflvs@webmail.co.za
Tel: 049-8910803